Skriflesing: Handelinge 26:1-28; Johannes 1:22-34
Heidelbergse Kategismus- **Sondag 12**
Teks: **Johannes 1:31-34**
Sing- SAMESANG- Ps.110:1,5
TYDENS EREDIENS- Ps.68:2,6; Ps.2:1,3; Ps.20:1,5,6
Die Naam Christus en die naam Christen is waaroor Sondag 12 handel. Broeder en suster, soos met die Naam Jesus het ons beslis hier te doen met 'n Naam wat nie van mense nie, maar van God afkom. Jesus is God se Seun se aardse Naam, so het mense op aarde Hom genoem, maar dieselfde Jesus gee ons vandag sy hemelse Naam. Die Naam Christus is 'n ampsnaam saam met die eienaam Jesus.

Hierdie amptelike ampsnaam , die Naam Christus is in die Hebreeus, of dan nou in die Ou Testament dieselfde as wat Naam Messias beteken. Messias beteken Gesalfde. Dit is presies wat gebeur het. Om tot profeet, priester of koning in die Ou Testament gesalf te word was 'n vaste instelling. Hierdie suiwere salfolie berei uit die suiwerste speserye wat daar kon wees en wat op geen manier generies of nagemaakte bestanddele mag bevat het nie, wys op die suiwere werk van hoe God in alles in die fynste suiwerheid met geen nagemaakte oplossing werk nie.

So weet ons dat hierdie suiwerste olie werklik gewys het op die werk van die Heilige Gees. Wanneer die olie so oor 'n dienaar gegiet sou word dan is dit teken van die Heilige Gees wat daar oor hom gekom het. Psalm 133 wys op hierdie kosbare olie wat op die kop uitgegooi is, dit loop af tot in die baard, en dan soos met Aäron gebeur het, dit loop verder af tot op die soom van sy klere. Ps.133:3 vat dit alles saam- Hierdie olie, hierdie hele salwing- *dit is soos die dou van Hermon wat neerdaal op die berge van Sion; want daar gebied die Here die seën, die lewe tot in ewigheid…*

Alles wys op hoe God werk. Die Gees van die Here gee die ware instelling en aanstelling. As iemand nog nie gesalf was nie, so is dit in die Ou Testament baie duidelik dan mag hy nie as profeet, koning, of priester in God se diens gestaan het nie. Die Here is die Een wat aanstel. Jesus kon eintlik eers die Christus genoem word toe God sy amptelike aanstelling gemaak het. Jesus was eers van die ouderdom 30, werklik ook die Christus. Die Gesalfde van God.

Ons moet hierdie besondere werk van die Here in Lukas 3:23, maar meer spesifiek ook in Johannes 1 deeglik nagaan. Jesus se aanwysing as die Gesalfde van God, maar ook Jesus se bekwaammaking, gebeur toe Jesus al 30 jaar oud was. Voor die tyd was daar nie preke van Jesus of enigiets wat Hom amptelik as in diens van God as ons hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning geopenbaar het nie. Toe Hy gesalf is, toe Hy die Christus geword het, toe is Hy soos die Kategismus sê- ***bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf (is) tot ons hoogste Profeet en Leraar wat aan (ons) die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het en tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.***

Hoe dit alles met Jesus gebeur het mag geen deeltjie ons aandag ontglip nie! Daardie spesifieke dag, Jesus is al 30 jaar oud, toe is Hy gedoop. Die Heilige Gees het in die gedaante van ’n duif op Hom gaan sit en op Hom gebly. In dieselfde beweging en juis by hierdie besondere geleentheid is daar die stem uit die hemel wat dit helder en duidelik aangekondig het- *Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het* (Matt.3:17).

Ons dink aan die suiwerste suiwer olie wat in die Ou Testament by die salwing gebruik is, nou kom daar nie olie op Jesus nie, maar wel die reinste van rein diere- ’n duif. God bind Jesus ook amptelik aan sy skepping, weereens ook aan die diere in die skepping want verhaal Markus aan ons, selfs na hierdie doop waar Jesus in die woestyn versoek was, 40 dae lank- dan lees ons Mark.1:13- *En Hy was daar in die woestyn veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is; en Hy was saam met die wilde diere, en die engele het Hom gedien.* Engele en diere wat op grond van sy doop, op grond van sy besondere salwing Hom opsoek, maar ons laat die duif van al die wilde diere nog duideliker tot ons spreek. Daardie duif by Noag het nie soos die kraai gemaak nie. ’n Kraai is ’n aasdier, dit sou maklik op die rond drywende karkasse van duisende diere wat met die sondvloed verdrink het gaan sit en hulle vreet.

Die duif het by Noag al anders gemaak. Die duif kom terug na die ark, want 'n sitplek was daar nie vir hierdie rein dier nie, en helaas kom die duif die laaste keer met 'n olyftakkie in sy bek as teken daar het nou 'n olyfboom oopgegaan, die boom waarvan die suiwere olie altyd getap was. Olyfolie wat by die baie salwings uitgegiet was. Die duif is gebind aan die olyftak, olie wat weer uit die olyf gehaal is, en dit alles gebeur nou as Jesus gedoop word, dan is die draer van die olie, die duif gereed om op Jesus te gaan sit. So is Jesus gesalf, soos wat Johannes die duif direk met die Heilige Gees kan verbind, soos olie in die Ou Testament direk met die Heilige Gees in verband gestaan het. Johannes vat dit in v.33 pragtig saam- …*Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop. En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is.* Daarmee saam is dit vir Johannes baie duidelik gemaak dat hy, Johannes self, as profeet geroep is om die Messias, die werklik Gesalfde bekend te stel.

Johannes wat die stem roepende in die woestyn was, as hy Jesus doop, dan salf hy in werklikheid vir Jesus. Hy openbaar Jesus in alles as die Seun van God. Al het Johannes vir Jesus nie vooraf as die Gesalfde geken nie, is dit nou vir hom duidelik gemaak, hoe God Self sy Seun gesalf het, toe Johannes vir Jesus gedoop het. Hierdie Jesus het nou werklik die Christus geword. Hy was vanaf die begin as die Christus bestem maar nou het Hy dit ook in alles geword. Hierdie Jesus is die Christus. Die twee kan nie van mekaar geskei word nie, al is daar baie mense wat dit probeer. Laat ons dit duidelik stel dat die historiese Jesus is die deur God gesalfde Christus.

Hy is waarlik die Messias. In alles is Hy gesalf as Profeet, Priester en Koning. As Profeet toon Hy ons die weg, as Priester is Hy die weg, en as Koning plaas Hy ons op die weg. Die Kategismus praat van Hom as ons hoogste Profeet en Leraar- Hy is dit waarlik van die begin af. Hy het van Homself al in die moederbelofte geprofeteer, van die Een wat die slang se kop sal vermorsel. Van die begin af as Profeet het Christus aan ons God se Raad geopenbaar, ja dit wat vir ons verborge is, het Hy mense sy dienaars gemaak. Hy het hulle met sy Woord gevul, geïnspireer deur die Gees wat daar in Christus is, is hierdie mense deur dieselfde Gees gevul om die Woord van God as profete van die hoogste Profeet en Leraar neer te pen. Hulle tong, hulle gedagtes, hulle hande is deur hierdie

Profeet as instrumente daargestel, om sy Woord uit te spreek, uit te dra, uit te skryf. Die Gees van Christus was in hulle. Ons kan sê die hoogste Profeet het in hulle geprofeteer. Hy het Homself in hulle aangekondig. Daarom dat die profete in die Ou Testament al kon sê- *so sê die HERE, Here…*En op hierdie oomblik is Hy nog steeds ons hoogste Profeet wat sy Heilige Gees aan ons gegee het. Op Pinkster het Hy die Heilige Gees volkome oor sy kerk uitgestort. Daarom kan daar staan dat ons die profetiese Woord het wat baie vas is. Alles wat ons uit die Woord ontvang, ontvang ons van Hom, ons Profeet, want is Hy terselfdertyd ook ons Leraar. Die Kategismus gebruik die woorde geraffineerd- beter kan dit nie! **Hy het aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak…**

Waar Hy as ons hoogste Profeet vir ons hierdie weg wys, is Hy terselfdertyd as enigste Hoëpriester die enigste Weg, die Waarheid en die Lewe. Die feit van die hoogste Profeet bring die nog nadere beklemtoning dat Hy alleen Hoëpriester is, Hy is die enigste. Die Rooms-Katolieke wat sou meen dat die pous die *pontifex maximus* is, die hoëpriester van die kerk, ons belydenis stel dit onomwonde dat daar net een Hoëpriester is en Hy is Jesus Christus! Hy kan deur niemand vervang word nie. Hy is die Een wat Psalm 110 besing- *Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek.* Deur daardie één volmaakte offer wat Hy vir ons gebring het, het ons geen ander offer nodig nie. Hebreërs 10:14- *Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word…*

Paulus bring in Romeine 8 vers 34 eintlik dit alles in lyn. *Christus is dit wat gesterf het ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree…*Golgota, Paasfees, hemelvaart, alles kom in één lyn maar dit eindig in dit wat Jesus as enigste Hoëpriester nou vir ons doen…*wat vir ons pleit…*Die Kategismus sê dat **Hy met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree.**

Die genade om Christus as ons enigste Hoëpriester te mag aanroep en dit in sy Naam Christus is so volkome, so volledig want so skryf Paulus ook dat dit eintlik vir God is asof ekself as sondaar gesterf het en inderdaad nog steeds elke dag doodgemaak word.

Hierdie sondaar wat ek is, word deur God in Christus as Hoëpriester na gekyk, en dan word daar gesê- *Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.* 2 Kor.5:15 en 17 sit dit soos op 'n tiekie neer- *Ons is van oordeel dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het…daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verby gegaan, kyk, dit het alles nuut geword.*

In wat Christus vir ons doen, bid Christus vir ons, in ons leed, in ons aanvegtinge, in ons nood, in ons siekte, selfs bid Hy vir ons in ons dood. Hy bid nie dat my leed weggeneem word nie, maar dat ek in my leed staande moet kan bly. Hy bid ook nie dat die aanvegtinge teen my sal ophou nie, maar dat ek in hierdie aanvegtinge in die geloof sal kan volhard. Hy bid ook nie my nood en my siekte, selfs my dood weg nie, maar dat ons deur die geloof in sy opstanding oor alle nood en dood in hierdie wêreld sal kan oorwin. Hy wat dit alles deurgegaan het en as Hoëpriester dit vir ons moontlik maak om ook daardeur te gaan.

Hy is so in ons dat ons in Hom kan wees, en daarom as hoogste Profeet toon Hy ons die weg, as enigste Hoëpriester is Hy die weg, maar as ewige Koning bring Hy ons op hierdie weg. Die Christus-weg! Weereens is die Kategismus se woorde met sout besprinkel. Dit is rein en fyn uitgekies- Hy wat die Christus is, Hy is ons ewige Koning **wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.** Daar word gepraat van sy ewige koningskap. Hy is nie net Koning sonder einde nie, Hy is dinamies, Hy is werklik tot alles in staat, energiek. Hy regeer op hierdie oomblik, Hy beskerm op hierdie oomblik, Hy bewaar op hierdie oomblik. Dit alles omdat Hy klaar die verlossing verwerf het. Al is daar soveel vyande teen God en teen sy Woord. Demoniese kragte wat probeer om die regering van God af te takel, tog verander niks aan wat Jesus gesê het nie! Joh.6:39- en Joh.10:28 praat saam- *Dit is die wil van my Vader…dat al wat Hy my gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie…*saam met Joh.10- *niemand sal hulle uit my hand ruk nie.* Jesus het vir ons so duur betaal. Hy sal niks prysgee vir wat Hy so duur betaal het nie.

Romeine 8 besing hierdie koningskap van Christus hier ook voluit- *Ek is versekerd dat geen dood of lewe, of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here is nie.* As Profeet kan daar niks teen Christus gesê word nie- (Rom.8:31-33). As Hoëpriester het Hy deur die verskriklikste dinge gegaan, dat niks ons van sy liefde kan skei nie (Rom 8:34-36, maar dieselfde Romeine 8 se laaste verse…37-39…. eer ons ewige Koning- *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars…*

***

En dan kom eintlik van die mees aangrypendste vrae wat daar in jou en my lewe van ons gevra kan word- ***Waarom word jy 'n Christen genoem?*** Oor al hierdie groot dinge wat daar van die Christus gesê word, voel dit amper buite orde om nou oor jou en my te praat! Maar laat ons nie wil wegskram wat daar regtig van jou en my verwag word nie!

*Jy beweeg my byna om 'n Christen te word…*Broeder en suster, hierdie antwoord van Agrippa laat ons vanoggend besef die geweldig belangrike stap wat daar in elkeen van ons se lewens geneem moet word. Om van Christus na christen te beweeg. 'n Stap waarvoor Agrippa nie kans gesien het nie, alhoewel hy die beste kans wat daar ooit kon wees gehad het. Die naam Christen, direk van Christus afgelei beteken presies dieselfde as Christus. Soos wat Hy 'n gesalfde van God is, so is Christene niemand anders nie asook gesalfdes van God. Daardie salwing wat Christus ontvang het toe die Heilige Gees by sy doop op Hom gekom het is van groter betekenis as wat enigeen dit kon verwag. Deur daardie salwing het elkeen wat in die geloof lid van Christus daardeur deel aan sy salwing. Op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is toe het dit alles gebeur. Die kerk is die liggaam van Christus en daarom is elkeen wat waarlik lid van Christus is, is deel van sy kerk. Soveel soos wat die kerk kon deel in die uitstorting van die Heilige Gees, die Gees wat op die kerk uitgestort is, net soveel het elkeen wat werklik deel van die kerk is dit nodig om met die Heilige Gees gesalf te word. Dit is 'n absolute vereiste, want daarsonder is ons nie toegerus om werklik ons amp as profeet, priester en koning uit te voer nie.

Mense so 12 km. van die Middellandse see in Antiochië deel van Sirië, is die eerste keer in die geskiedenis die geweldig groot naam, die heerlike naam christen genoem. Natuurlik het baie daardeur die volgelinge van Christus wou beledig, maar dit wat hulle meen om hierdie christene te beledig, watter erenaam het dit nie geword nie. Om in wat jy geword het elke keer Christus te mag vooropstel as jy waarlik 'n Christen is! Hulle wat Christus in jou sien! Daar kan geen groter eer as dit wees nie! Die verskil is wanneer jy in wie jy is nie werklik Christus uitleef nie.

Dit is tegelyk 'n geweldig groot verantwoordelikheid. Agrippa het daarvoor nie kans gesien nie. Hy wat die Joodse godsdiens deur en deur geken het. Festus het Agrippa genader om in die moeilike geval van Paulus se regstryd Agrippa te nader terwyl hy en sy vrou Bernice juis gaste van Festus was. Wanneer Paulus die kans van sy lewe kry om sy reg voor nog iemand groter as Festus te verdedig, nl. voor Agrippa dan sien ons Paulus begin hoegenaamd nie met wat sy regte is nie, maar hy begin op voortreflike wyse die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Hoe Paulus eenvoudig sy roeping as apostel uitleef, ja in watter mate Paulus homself as Christen van die Christus sien, dit word die hele verhaal. Nie wie hy Paulus waarlik is nie, maar wat sy christenskap waarlik beteken en van hom eis. Daar is so baie om te vertel en niks hiervan het in 'n hoekie gebeur nie. Christenskap is nie deel van die hoekies van die lewe nie, maar dit moet dié lewe wees. Christus se koms, sy dood, sy opstanding uit die dood, sy ware lewe, daarvan het Paulus niks uitgelaat nie, Selfs hoe Moses alreeds die band met Christus deel. Dink jou dit in Agrippa, dit alles moet jy deel van word, want gaan dit op die einde of Agrippa werklik glo Vers 27- *Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo.* En dan kom die verskriklike antwoord wat die verantwoordelikheid van om waarlik Christen te wees eenvoudig afwys…En dan kom die verskriklike antwoord wat die verantwoordelikheid van om waarlik Christen te wees eenvoudig afwys…*Jy beweeg my byna om 'n Christen te word…*

Mag u deur ons belydenis iemand wees wat nie maar byna beweeg is nie. Mag u waarlik 'n beweegde Christen wees. Om daardie stap van Christus na Christen jou eie te maak. Om vandag weereens te besef ek moet priester van God wees. Ek moet myself as

dankoffer aan God kan toewy. Ek moet Christus se liefde uitstraal. Ek moet vir ander by God kan intree deur vir hulle in die Naam van Christus te bid. Ek moet vir ander mense werklik tot seën wil wees, en nie tot vloek vir die kinders van God nie. As ek nie vir 'n ander kind van God tot seën is nie, dan is ek tot sy vloek daar, dan is ek alles behalwe wat 'n priester veronderstel is om te wees. Ek is daartoe gesalf toe ek gedoop is. My doop was my salwing, daar het God my reeds die belofte gegee om as priester, koning en profeet op te tree.

Want moet ek vir God in sy ryk, in sy koninkryk ook 'n koning wees. 'n Onder-koning van die ware Koning Jesus Christus. Hy wat regeer, Hy wat beskerm… So naby moet die koninkryk aan my wees, dat ekself koning in hierdie koninkryk is! Ek sal soos 'n heerser moet kan oorlog voer, want die sonde, die duiwel, die wêreld is nie my vriende nie, maar my vyande. As ek vir God 'n koning wil wees, dan kan ek mos nie 'n vriend van die sondige wêreld wil wees nie. My gewete moet vrylik in ware koningskap hierdie besondere eer van Christenskap wil uitleef, om vir God in sy koninkryk ook 'n koning te wees. Daartoe het my doop my ook gesalf.

Die doop is nog meer, ja dit is iets van Ps.23 wat hier ook gebeur. Die salwing bevat 'n beker vol olie. *U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor!* Ons is deur ons doop, deur ons salwing, ook geroep om elkeen profeet van God te wees. Jy moet God se Naam werklik kan bely, jy moet vir hom 'n getuie kan wees, waarlik sout vir die aarde, lig vir die wêreld. Die profete van God, sulke Christene is mense wat die woorde van Christus waarlik hulle eie maak….Christus het gesê- *Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig…*daar staan ook in dieselfde gedeelte- *Elkeen dan wat My bely voor die mense, hom sal ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is, maar elkeen wat my verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is…*

As daar van jou gevra word- *Waarom word jy 'n Christen genoem*- mag u waarlik dit genoem wil word. Mag u waarlik wees- priesters, konings, profete- mag ons soos Paulus dit voor almal vra- Hand.22:10- *Here, wat wil U hê moet ek doen?*

AMEN

Vrae uit Sondag 12

1. Wat beteken die Naam Christus volgens V/A 31?
2. Wat is die Ou-Testamentiese woord vir Christus?
3. Het daar in die Ou Testament alreeds enige salwings plaasgevind?
4. Wanneer en hoe het die salwing van Jesus plaasgevind? Wie het Jesus gesalf?
5. Hoe oud was Jesus toe Hy gesalf is?
6. Tot watter drie ampte is Christus gesalf?
7. Waaruit is die naam Christen afgelei?
8. Wat is die betekenis van die feit dat jy gedoop is?
9. Wat was Agrippa se reaksie toe die evangelie aan hom verkondig is?
10. Wat word van jou in jou christenskap verwag?